# PRIVAATHEID

Privaatheid beteken weg van ander, waar ander jou nie kan sien nie.



# PRIVAATHEID

Ons het privaatheid nodig wanneer ons: bad, die toilet gebruik en om aan te trek. Selfs wanneer ons slaap, het ons privaatheid nodig.



# JOU LYFIE IS SPESIAAL

Jou lyfie het 'n klomp
spesiale dele wat mooi na gekyk
moet word -
soos jou oë, neus,
ore en mond.
Ander mense moet
nie daarmee speel,
of hulle vingers
of ander goed
in hierdie dele van
jou lyfie druk nie,
tensy dit is om jou
gesond te hou.



# JOU LYFIE IS SPESIAAL

Jou lyfie het 'n klomp
spesiale dele wat mooi na gekyk
moet word -
soos jou oë, neus,
ore en mond.
Ander mense
moet nie
daarmee
speel,
of hulle vingers
of ander goed
in hierdie dele
van jou lyfie
druk nie,
tensy dit is om jou
gesond te hou.



# WAT IS PRIVAAT DELE?

Privaat beteken iets wat net
aan jou behoort!

Privaat dele is die dele van jou
lyfie wat jy met 'n swembroek toemaak.

Hierdie dele van jou lyfie
hou jy privaat, sodat
ander mense dit nie
kan sien of
daaraan kan vat nie.
Dit is hoekom ons
onderklere en
swemklere dra!



Ons het privaatheid nodig wanneer ons:
bad, die toilet gebruik en om aan te trek.
Selfs wanneer ons slaap, het ons
privaatheid nodig.

# WAT IS PRIVAAT DELE?

Privaat beteken iets wat net
aan jou behoort!

Privaat dele is die dele van jou
lyfie wat jy met 'n swembroek toemaak.

Hierdie dele van jou lyfie
hou jy privaat, sodat
ander mense dit nie
kan sien of
daaraan kan vat nie.
Dit is hoekom ons
onderklere en
swemklere dra!



Ons het privaatheid nodig wanneer ons:
bad, die toilet gebruik en om aan te trek.
Selfs wanneer ons slaap, het ons
privaatheid nodig.

# ONS HOU NIE GEHEIME NIE!



'n Geheim is iets wat iemand jou vra om nooit vir iemand anders te vertel nie.

Wanneer iemand jou vra om 'n geheim te hou wat jou bang of hartseer laat voel, of 'n groot knop jou maag gee, moet jy dit beslis vir iemand by wie jy veilig voel vertel.

Selfs al laat iemand jou belowe kan jy altyd vir jou ouers, of iemand wat jy vertrou vertel.

Niemand, nie eers jou ouers, behoort jou te vra om 'n geheim te hou nie.

# WIE KAN JY VERTEL?

As jy ooit hartseer of bang voel,
en jy het iemand nodig om
mee te praat, wie sal na jou luister?

Selfs al is dit vir jou moeilik om
daaroor te praat, sal hulle luister
en hulle sal kalm bly.

Hulle sal daar wees om jou te help,
hulle sal by jou staan - daarvan kan
jy seker wees!

Dis 'n grootmens se werk om jou
lyfie veilig te hou. As jy ooit
iemand nodig het om jou te help,
met wie sal jy praat? Wie sal dit wees?
Wie sal jy wil hê moet jou help?






Wie sal jy vertrou om
mee te praat as jy
ooit nodig het om
jou lyfie veilig te hou?

Skryf hulle name, of
teken hulle gesigte in
die sirkels hierbo.

# 'N VERRASSING IS PRET WAT GEDEEL WORD!

'n Verrassing is iets wat lekker is, en jou gelukkig maak. Soos om 'n partytjie te hou, of om êrens lekker heen te gaan. Dit mag vir 'n rukkie stil gehou word, maar op die einde gaan almal daarvan weet!



'n Verrassing maak jou nie bang of hartseer nie, en moet nooit op 'n plek, of dinge wees wat jou nie lekker laat voel nie!

For more information
visit TheMamaBearEffect.org

**Hierdie pragtige prentjies en belangrike inligting is vanaf die webstuiste TheMamaBearEffect.org**